# KYLEMORE BANHOEK 2021

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Volstruis-, Eikenhof- en Duiwelsklowe | **DATUM:** | 22/05/2021 |

**KOMMENTAAR**

Lekker vroeg die Saterdagoggend kom die 8 van ons bymekaar by die parkeerarea van die Banhoek bewaararea. Dit is lekker koud en ons handel vinnig die admin af en begin te stap. Die paadjies is baie netjies en ons stap flink tot by die begin van die klim vir die eerste kloof, Volstruiskloof. Ons klim stadig maar seker op en op totdat ons die bokant bereik. Net voor mens by die waterval uitkom is daar 'n lekker uitdagende deel waar daar aan 'n ketting gehang word terwyl jy 'n tegniese deel moet oorsteek. Daarna moet ons deur die rivier wat lekker sterk vloei na die Donderdag se goeie reën. Paar van plons en word lekker nat hier, maar die waterval is prentjie mooi. Nadat almal foto's geneem het stap ons 'n entjie terug tot by 'n rots oorhang en geniet ontbyt. Ons vat toe weer die pad en volg dié keer die kontoer al die pad na die volgende kloof, Eikenhofkloof. Hier gaan ons weer 'n ent op tot ons by die waterval aankom. Ons neem weer foto's. Ons gaan weer terug tot op die kontoer en kies rigting na Duiwelskloof. Eers word daar egter 'n pitstop gedoen by die toilet op die berg. Ons stap al met die kontoer lang tot by Duiwelskloof waar ons dan die sterk vloeiende rivier moet oorsteek voor ons in die kloof opgaan. Ons stap tot by die waterval en geniet middagete. Hier besluit iemand toe ook op 'n onbeplande swem, maar ons praat nie uit nie. Na middagete kies ons koers terug na die motors. Eers moet ons weer die vol rivier oorsteek voor ons op 'n gemaklike paadjie beland. Die paadjie word later jeeptrack en ons stap gemaklik terug tot by die motors. 3 klowe, 3 watervalle en 'n perfecte herfsdag. Totale klimhoogte vir die dag: 983m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2021024 | R 5 | 14 | |
| Brenda Sideratos | 2021058 | R 5 | 14 | |
| Werner Booyens | 2021057 | R 5 | 14 | |
| Sharon Visser | 2021054 | R 5 | 14 | |
| Niel Visser | 2021053 | R 5 | 14 | |
| Ulla Esterhuizen | 2021095 | R 5 | 14 | |
| Loisnita Eek | 2021097 | R 5 | 14 | |
| Paul Eek | 2021096 | R 5 | 14 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 40** | **112** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Nie geneem |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Werner Dalziel |